Publication: Landbouweekblad
Date: Thursday, July 29, 2021
Page: 27





# Beplan jou boedel deeglik

**Dit wil voorkom of mense toenemend laks raak oor hul boedelbeplanning. Dit is baie moeilik en soms onmoontlik om hul sake reg te trek ná die afsterwe van 'n geliefde.**

Mense, spesifiek ook vroue, moet seker maak hul sake is in orde terwyl die betrokkenes nog lewe. As 'n egskeiding dreig of ná 'n egskeiding, is dit die tyd om 'n spesialisbeplanner te besoek. Onthou, jy moet jou testament binne drie maande ná die egskeidingdatum wysig, anders geld die bestaande een steeds, wat moontlik bepaal dat die langslewende gade (jou eks) alles erf.

Laat doen 'n holistiese boedelbeplanning voordat jy sonder meer 'n gratis testament kry. Die boedelbeplanner moet kennis neem van die volgende van die kliënt:

- Is hy of sy getroud of in 'n saamwoonverhouding? Indien getroud, ingevolge watter bedeling? Wie is die kinders (hoe oud hulle is, wat doen hulle en gaan hulle eendag die pa en ma se besighede oorneem of nie)? In watter regsgebied woon die kliënt?
- Pa en ma se bates en laste (nie hul inkomste en uitgawes nie, maar bates wat aan elkeen behoort, asook die skuld daarop).
- Pa en ma se polisse en beleggings.
- Pa en ma se mees onlangse testament (gesamentlik of elkeen se eie).
- Elke ouer se besigheid se finansiële state, die ondernemingsvorm, die stigtingsdokumentasie as dit 'n maatskappy of beslote korporasie is, aandeelhouersooreenkomste en koop-en-verkoopooreenkomste.
- Trustaktes en magtigingsbriewe, finansiële state van die trusts en wysigings tot die akte.

Hiermee saam gaan 'n gesprek met die kliënt om vas te stel wat sy of haar behoeftes is en hoe die persoon die toekoms sien. Heel dikwels is die kliënt nie bewus van sekere wense in die testament en in 'n trust wat nie wettig of onuitvoerbaar is nie.

## KEUSE VAN EKSEKUTEUR

Die kliënt moet uitvind oor die ervaring, kundigheid en geskiedenis van die eksekuteur wat eendag die boedel gaan beredder. As jou prokureur of ouditeur nie 'n boedelberedderingsafdeling het nie, "run, Forest, run". As jou finansiële adviseur meen hy of sy kan self ook boedels beredder, moet jy dit met agterdog bejeën.

## DIE TESTAMENT

In testamente word bates hoofsaaklik op twee maniere uitgedeel (vererf), naamlik deur eerstens spesifieke bates aan spesifieke mense (erfgename) te laat vererf. Na sulke goedere word as legate (*legacies*) verwys.

Die tweede deel is die res van die bates, wat die "restant" van die boedel is. Die restant moet uitdruklik uitgedeel word aan een of meer mense, trusts of regspersone, anders vererf dit ingevolge die intestate erfreg.

Sogenoemde wenslyste wat mense so graag opstel, is iets wat van oorsee af ingewaai het. Dit is nie geldig of wettig in Suid-Afrika nie, tensy dit deel vorm van die legate wat duidelik in die testament bepaal word.

Teken tot drie oorspronklike testamente. Hou een self in die kluis, een by die kinders en een by die eksekuteur.

Om onenigheid te probeer voorkom ná die dood, speel oop kaarte met gades en kinders oor wie wat erf, sodat hulle vooraf ingelig is en nie ná jou afsterwe onsmaaklikhede veroorsaak nie. Bewaar nou reeds die belangrike dokumente, soos die testament, lisensies, rekeningbesonderhede en wagwoorde op een plek wat bekend is aan die gade en kinders.

Afgesien van skuld (waarvoor wel met gebeurlikheidsversekering en lenings voorsiening gemaak kan word), is die heel grootste risiko as iemand die alleeneienaar van 'n maatskappy of beslote korporasie is. Só 'n eienaar is die enigste een wat alle borgskappe teken. As die onderneming se sakebankrekening gevries word, staak alle verdere besigheid onmiddellik. Geen verdere salarisse vir werknemers en geen verskaffers kan betaal word nie. Alle projekte kom tot stilstand.

Die oplossing lê in mede-eienaarskap. 'n Skenking van so min as 1% aan jou gade voorkom dat die bankrekening gevries word. 'n Onderneming kan ook vooraf ingevolge 'n koop-en-verkoopooreenkoms aan 'n buitepersoon of 'n vennoot verkoop word. Die finansiering daarvan kan deur lewensversekering gefinansier word. **LBW**

*Mnr. Andrè Eloff (CFP®) is boedelbeplanner en konsultant by Business & Legal Consultants (lid van Fisa).*

NAVRAE: E-pos: **andre@buslegal.co.za**

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.